Dr Deon du Toit 5 Feb 2023 (Taal en spelfoute mag voorkom)

My naam is Job.

Baie mense het seker al van my gehoor. Ek is ‘n man wat ryklik geseënd is. Ek het sewe seuns en drie pragtige dogters. Dan het ek ook nog veertienduisend stuks kleinvee, sesduisend kamele, tweeduisend beeste en ‘n duisend donkies (42:13-15). Ek lewe ‘n vol lewe en ek het my kinders en kleinkinders tot in die 4e geslag al gesien (42:16-17).

Ek is egter nie hier vandag om oor al my skatte te praat nie. My besittings en my kinders is vir my kosbaar ja, maar daar is iets anders in die lewe wat vir my meer waardevol en meer kosbaar is as enige iets ander wat op aarde is.

En dit is ...
Nee wag, kom ek begin liewer by die begin.
Aan die begin van my lewe wat ek ook baie ryk gewees, maar selfs nie so ryk soos wat ek nou is nie. Ek was iemand wat gesorg het dat ek die regte pad in die lewe geloop het. Ek het my streng gehou aan al die gebruike van ons godsdiens. Ek het vroom en opreg gelewe. Ek het God gedien en ek het die kwaad vermy. Om net ‘n voorbeeld te noem van hoe goed ek gelewe het: my kinders het dikwels partytjies gehou, sommer vir ‘n paar dae aaneen. Ek het altyd gesorg dat hulle ná so reeks partytjies hulleself reinig en brandoffers bring, net vir ingeval hulle dalk onbewustelik in hulle gedagtes God gevloek het. (1:4,5)

Ek het natuurlik gedink ek lewe reg en ek lewe goed. Ek was seker dat ek God aan my kant het, want ek bring mos my deel. Ek het gedink dat daar kan niks fout gaan met my lewe nie. Maar ek was verkeerd. Dit het so gebeur dat die

een ramp na die ander my getref het. My vee en my slawe is weggevoer deur mense van Skeba, die kleinvee is deur weerlig getref, die kamele is deur Galdeërs geroof. En al my kinders het ek ook verloor in ‘n ramp. Toe dit gebeur het, het ek my klere geskeur, my hare afgeskeer en op die grond gaan lê. (1:13-20)

Maar dit was nie al wat gebeur het nie. Ek het siek geword. My liggaam was vol pynlike swere van my kop tot my tone. Ek het op ‘n ashoop gaan sit, ‘n potskerf gevat en my sere daarmee gekrap. Dit het baie sleg gegaan met my. Selfs my vrou het gesê: “Vervloek God en sterf”, maar ek het gesê: “As ons die goeie van God aanvaar – dan moet ons die slegte ook aanvaar”.(2:7-10)

My vriende het my kom sien. Elifas van Teman, Bildad van Suag en Sofar van Naäma; ook die jongeling Elihu.  Ek was so siek hulle kon my amper nie eers erken nie. Hulle het vir sewe dae en nagte by my gesit voor hulle begin praat het, want my pyn en smart was net te veel. Ek het eerste begin praat: “Vervloek is my geboortedag, (3:1)  hoekom was ek nie liewer dood gebore nie? (3:16)”. Ek kan nie eet van die pyn nie, my pyn en angs is sonder ophou.(3:24-26)

Die een het dit gesê en die ander dat gesê, maar ek het vir hulle gesê dat ek niks verkeerds gedoen het nie. Dit was soos ‘n gevegsarena van oortuigings en gedagtes. Eie aan ons tyd het hulle vir my gesê dat dit is nou maar eenmaal hoe die lewe is. ‘n Mens word gestraf vir jou sonde. As dit swaar gaan, is dit straf vanweë sonde, as dit goed gaan is dit guns vanweë goeie dade. Dit is hoe God werk. Ek kry swaar omdat ek êrens in my lewe teen God gesondig het en ek moet ophou om dit weg te steek. Ek het vir hulle gesê dat hulle verstaan God en sy werke verkeerd. Hulle het gedink hulle het wysheid, maar hulle is net ‘n klomp kwaksalwers. As hulle liewer wil stilbly, sou hulle baie meer

wysheid gehad het. Hierdie sogenaamde verklaring is eintlik ‘n beskuldiging. Hulle hou vas aan die verklaring oor God, maar kom nie by God self uit nie.

Ek het natuurlik gedink ek het wysheid. Ek het gedink dat wat ek moes doen is om my saak voor God te stel. Ek moet net die hele ding met God kon uitpraat voor ek sterf – dan sou alles weer reg kom. Ek het vir die Here gesê dat Hy moet net mooi luister na wat ek vir Hom wil sê. Ek het ‘n saak om voor te stel. Ek het my regsaak voorberei en as Hy my net kon aanhoor voor ek sterf, dan sal daar vir my weer hoop kom.

Ek het vir die Here gesê dat Hy moet my wys waar ek verkeerd gegaan het in die lewe. Hy moet my sê hoeveel en wanneer ek gesondig het. Dit het vir my gevoel asof God my vermy het en ek wou gehad het dat God aan my verduidelik hoekom Hy my so behandel het. Hoekom hy my juis so baie laat ly.

Ek het natuurlik geweet dat ek is klein voor die Here. Ek is soos ‘n verwaaide blaar, ‘n droë stoppel. Die mens se lewe op aarde beteken daarom nie veel nie. Die mens se lewe is maar soos ‘n daglonerskof – net ‘n paar uur lank. Ons lewe is net ‘n draadjie wat geknip kan word, ‘n spoeldraadjie wat op raak. En God hou ons dop. Elke voetstap wat ons in die lewe gee is in sy oog. Die Here het die mens se dae vasgestel – daarom is daar nie sin en betekenis in die mens se lewe om iets te probeer bereik nie. Eintlik is die mens se lewe soos ‘n ou weggooi lap – stadig maar seker, verrot die lap en vreet die motte dit op totdat daar niks meer oor is nie. Ek het gedink dat dit sou beter wees as God die mens liewer uitlos. Dan sou dit baie met ons gaan hier op hierdie aarde.

Maar, as ek nou terugdink aan wat ek tóé gesê het, besef ek hoe verskriklik dit eintlik was. Ek het vir God gesê dat Hy verstaan ons verkeerd. Hy het miskien die mens gemaak, maar dalk het Hy ‘n fout gemaak. Hy verwag te veel van ons af. As hy gehoorsaamheid van die mens verwag, hoekom gee Hy dit nie vir ons

nie? As Hy wysheid van die mens verwag, hoekom gee Hy dan nie vir die mens wysheid nie?

Ek het gedink ek weet wie is God. Hy is magtig. Maar ek het sy mag negatief gesien:

- God het die mag om af te breek
- Hy het die mag om op te sluit
- Hy hou die waters terug met droogte
- En as Hy die waters los dan volg oorstromings.
- God is meesterlik met die saai van verwarring.
- God gryp in, maar as Hy ingryp is daar chaos en vernietiging.
- God het geen agting vir raadsmanne, regters en konings nie.
- As God ingryp in 'n mens se lewe – dan is mense soos iemand wat in die donker rond tas, soos 'n dronklap wat steier.

Maar ek was natuurlik verkeerd gewees.

Ek het gedink dat ek iets van God af weet. Maar ek het 'n fout gemaak. En die fout is dat ons as mense dink oor God soos ons oor mense dink.

Ons dink dat ons in die lewe moet probeer om soveel as moontlik van God af te weet en net te sorg dat ons ni 'n voetjie verkeerd sit nie. Ons dink dat ons kan óór God praat soos ons oor elke ander ding in die lewe praat. Ons dink dat as ons al hierdie dinge van God af weet, dat ons Hom kan verstaan.

Maar dis net daar wat ek daardie tyd en miskien soveel mense in hierdie tyd 'n fout begaan.

God wil nie hoorsê van Hom moet weet nie. God wil hê dat ons Hom moet ken. Ons moenie oor God praat asof Hy daar ver buite op sy almagtige troon sit nie, maar ons moet met God praat, want Hy is hier by ons.

En God is nie maar net ‘n super-mens nie, maar God is God. Ons kan Hom nie vergelyk met mense nie. God wil nie hê dat ons net van Hom moet weet nie; God wil nie hê dat ons Hom moet probeer verstaan nie. God wil hê dat ons Hom ken.

En ons kan nie leer hoe om God te ken nie, want ons kan God slegs ken as Hy homself aan ons bekend maak. God moet intree, voordat ons kan optree.

Sien, God het ingetree in my lewe. En God tree in in jou lewe ook. Dalk vra Hy vandag ook vir jou dieselfde vrae as wat Hy toe aan my gevra het.

Hy het vir my gevra oor die skepping en waar alles vandaan kom: oor die aarde, sterre, see, wolke, lig, donkerte, sneeu, hael, stortreën, donderwolke, doudruppels, ys, ryp, sterre, weerligstrale, grond en kluite; (H38) En oor die natuur: die leeu, kraai, klipspringer, wildsbokke, wildedonkie, buffel, volstruis, perd, sprinkaan, valk en aasvoël.(H39)
Ook oor die mitiese figuur van boosheid, die Behemot wat soos ‘n seekoei lyk; en oor die mitiese Leviatan van vernietiging, wat soos ‘n krokodil lyk.

As jy na die natuur kyk, my hardkoppige kind, dink jy jy sien iets van my grootheid en my mag? As jy kon besef hoe Ek die skepping beheer, dink jy jy besef iets van jou eie kleinheid? Besef jy hoe beperk is jou begrip van my? Kan jy in dieselfde asem dink oor hoe min jy van my weet en dan ook nog aanvaar dat Ek na jou omsien en vir jou sorg selfs op maniere waar jy niks van af weet nie? Kan jy jou voorstel wat werklik sal gebeur as jy My van my troon kon af stoot? Dink jy nie da dit jou met al jou probleme sal help as jy net jou manier van dink oor my verander nie? Of wil jy werklik hê dat ek al die dinge waaroor jy so kla vir jou een vir een moet verduidelik?

Ek het my geringheid vir die eerste keer raakgesien. Ek het voor God verwonderd gestaan, maar nie stomgeslaan van vrees nie. Ek het gepraat, maar anders as voorheen. Eintlik het ek 'n groter behoefte gehad om te swyg. Ek was nie meer radeloos oor my onmag en onbegrip nie. God se mag in die natuur het my nie verskrik nie, maar het my net gewys op die grense van my menswees. God wys nie net vir ons die pad aan nie, maar God self stap saam met ons die pad.

God het nie een van my vrae beantwoord nie. Hy het nie vir my 'n enkele antwoord op enige van my vrae gegee nie. Maar Hy het vir my meer as antwoorde gegee – Hy het vir my berusting en aanvaarding gegee. God het my iets laat insien wat gemaak het dat ek anders dink oor God. Ek het besef ek pas in in God se raadsplan, maar ek moet dit in geloof aanvaar selfs al begryp ek dit nie. Daar bestaan 'n patroon en 'n verduideliking vir alles, maar ons is te klein om dit in te sien. Ons moet nie eers probeer verstaan waarom ons so baie ly nie maar ons moet eerder ons instel daarop om God te ken. Ons gemeenskap met God oorbrug alle vraagtekens van ons lewens. Ons moenie ons kragte in die lewe in span om alles te verstaan nie, maar dit moet eerder ons grootste begeerte wees om God waarlik te ken – om in verhouding met God te leef; om Sy heerskappy te aanvaar en in gemeenskap met Hom te lewe.

Dit is wat ek besef het.

Ek het nog steeds swaar gehad. Ek het steeds pyn en lyding in die lewe beleef, maar ek het besef oms moenie dinge oor God sê nie maar ons moet dit vír God sê. Ons moenie óór God praat nie, maar ons moet met God praat.

En na ek dit besef het toe kon ek sê:

"Nou weet ek dat U tot alles in staat is

en dat U kan uitvoer wat U besluit.

3Wie is dit wat u bedoelinge wou dwarsboom

sonder dat hy die insig gehad het?

Ek het oor dinge gepraat wat ek nie begryp het nie:

u wonderdade was te groot vir my,

ek het dit nie verstaan nie.

4U het mos gesê: Luister terwyl Ek praat,

Ek sal vra, antwoord jy My.

5Tot nou toe het ek net gehoor

wat mense van U sê,

maar nou het ek U self gesien,

6en nou verag ek myself,

nou sit ek vol berou, in sak en as." (42:2-5)

Amen